basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## GESKIEDENIS V1

## FEBRUARIE/MAART 2017

**PUNTE: 150**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye en 'n addendum van 14 bladsye.**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B, wat op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk in die KABV-dokument gebaseer is.

   **AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE**

   VRAAG 1: DIE KOUE OORLOG: DIE OORSPRONG VAN DIE KOUE OORLOG

   VRAAG 2: ONAFHANKLIKE AFRIKA: GEVALLESTUDIE – ANGOLA

   VRAAG 3: BURGERLIKE PROTES VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: BURGERREGTEBEWEGING

   **AFDELING B: OPSTELVRAE**

   VRAAG 4: UITBREIDING VAN DIE KOUE OORLOG: GEVALLESTUDIE – VIËTNAM

   VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA: VERGELYKENDE GEVALLESTUDIE – DIE KONGO EN TANZANIË

   VRAAG 6: BURGERLIKE PROTES VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: SWARTMAGBEWEGING

2. AFDELING A bestaan uit DRIE brongebaseerde vrae. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, kan in die ADDENDUM gevind word.

3. AFDELING B bestaan uit DRIE opstelvrae.

4. Beantwoord DRIE vrae soos volg:

   4.1 Ten minste EEN moet 'n brongebaseerde vraag wees en ten minste EEN moet 'n opstelvraag wees.

   4.2 Die DERDE vraag kan óf 'n brongebaseerde vraag óf 'n opstelvraag wees.

5. Jy word aangeraai om ten minste EEN uur per vraag te bestee.

6. In die beantwoording van die vrae moet jy jou kennis, vaardighede en insig gebruik.

7. Jy sal benadeel word deur die blote oorskryf van die bronne as antwoorde.

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

9. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae nie, in hierdie afdeling. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, kan in die ADDENDUM gevind word.

**VRAAG 1: HOE HET DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA EN DIE SOWJETUNIE NA 1945 OP DIE EKONOMIESE KRISIS IN EUROPA GEREAGEER?**

Bestudeer Bron 1A, 1B, 1C en 1D en beantwoord die vrae wat volg.

1.1 Verwys na Bron 1A.

1.1.1 Definieer die term *inperking (stuiting)* in die konteks van die Koue Oorlog in Europa na 1945. (1 x 2) (2)

1.1.2 Waarom, volgens die bron, is die Marshall-plan in Europa ingestel? Gee TWEE redes. (2 x 1) (2)

1.1.3 Hoe, volgens die bron, het Stalin op Amerika se hulpplan in Europa gereageer? (2 x 1) (2)

1.1.4 Verduidelik hoe die Marshall-plan in Europa geïmplementeer is. (2 x 2) (4)

1.1.5 Waarom, volgens die inligting in die bron, is die 'COMECON' gestig? (1 x 2) (2)

1.2 Gebruik Bron 1B.

1.2.1 Haal TWEE bewysstukke uit die bron aan wat te kenne gee dat Bellows geglo het dat die Marshall-plan 'n 'grootse en oorspronklike inisiatief' was. (2 x 1) (2)

1.2.2 Lewer kommentaar op waarom jy dink die Verenigde State van Amerika nie binne die Sowjetunie se invloedsfeer wou val nie. (2 x 2) (4)

1.2.3 Noem TWEE maniere waarop die teenfonds gebruik is om beskadigde infrastruktuur in Europa te herbou. (2 x 1) (2)

1.3 Bestudeer Bron 1C.

1.3.1 Hoe, volgens Vyshinsky, het die Verenigde State van Amerika die beginsels van die Handves van die Verenigde Nasies geskend? (1 x 2) (2)

1.3.2 Verduidelik waarom Vyshinsky beweer het dat die Marshall-plan as 'n 'instrument van politieke druk' op Europese lande gebruik is. (2 x 2) (4)

1.3.3 Verduidelik tot watter mate 'n historikus wat navorsing oor die Marshall-plan doen, die inligting in hierdie bron bruikbaar sal vind. (2 x 2) (4)

1.4 Vergelyk Bron 1B en 1C. Verduidelik hoe die inligting in hierdie bronne verskil met betrekking tot die uitwerking wat die Marshall-plan op verhoudings tussen Europese lande en die VSA gehad het. (2 x 2) (4)

1.5 Raadpleeg Bron 1D.

1.5.1 Verduidelik die boodskappe wat in die spotprent uitgebeeld word. Gebruik die visuele leidrade in die bron om jou antwoord te ondersteun. (2 x 2) (4)

1.5.2 Lewer kommentaar op die titel van die spotprent, 'DIT IS DIESELFDE DING SONDER MEGANIESE PROBLEME', in die konteks van die 'Marshal Stalin Plan'. (2 x 2) (4)

1.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy verduidelik hoe die Verenigde State van Amerika en die Sowjetunie na 1945 op die ekonomiese krisis in Europa gereageer het. (8)

**[50]**

**VRAAG 2: WAT WAS DIE OORSAKE EN GEVOLGE VAN KUBA SE BETROKKENHEID BY DIE SLAG VAN CUITO CUANAVALE TUSSEN 1987 EN 1988?**

Bestudeer Bron 2A, 2B, 2C en 2D en beantwoord die vrae wat volg.

2.1 Verwys na Bron 2A.

2.1.1 Wat, volgens die bron, was die uitkoms van Operasie Modular? (1 x 2) (2)

2.1.2 Kies TWEE bewysstukke in die bron wat te kenne gee dat Suid-Afrika van plan was om na die slag by die Lombarivier voort te gaan om in Angola te veg. (2 x 1) (2)

2.1.3 Verduidelik die betekenisvolheid van die bewering, 'Pretoria (Suid-Afrikaanse regering) het nou openlik in Angola oorlog gevoer', in die konteks van die Slag van Cuito Cuanavale. (1 x 2) (2)

2.1.4 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en lewer kommentaar op waarom Jose Eduardo Dos Santos militêre hulp by Fidel Castro gevra het. (2 x 2) (4)

2.2 Gebruik Bron 2B.

2.2.1 Waarom, volgens die inligting in die bron, is die Angolese weermag (FAPLA) in 1987 'byna ... omsingel en vernietig'? Gee TWEE redes. (2 x 1) (2)

2.2.2 Noem DRIE maniere in die bron wat aandui hoe die Kubaanse troepe die SAW-opmars na Cuito Cuanavale gestuit het. (3 x 1) (3)

2.2.3 Waarom, dink jy, het Raúl Castro die rol beklemtoon wat President Fidel Castro in die Slag van Cuito Cuanavale gespeel het? (1 x 2) (2)

2.2.4 Verduidelik wat jy dink deur die frase, 'Cuito (Cuanavale) het uitgehou', geïmpliseer word. (2 x 2) (4)

2.3 Bestudeer Bron 2A en 2B. Verduidelik hoe die bewysstukke in Bron 2B die inligting in Bron 2A rakende die betrokkenheid van Kuba by die Slag van Cuito Cuanavale ondersteun. (2 x 2) (4)

2.4 Raadpleeg Bron 2C.

2.4.1 Verduidelik die boodskappe wat in hierdie foto oorgedra word. Gebruik die visuele leidrade in die bron om jou antwoord te ondersteun. (2 x 2) (4)

2.4.2 Lewer kommentaar op die betekenisvolheid van hierdie gedenkteken vir die Angolese in die konteks van die uitkoms van die Slag van Cuito Cuanavale. (2 x 2) (4)

2.5 Lees Bron 2D.

2.5.1 Wat verstaan jy onder die term *soewereiniteit* in die konteks van Afrika-geskiedenis? (1 x 2) (2)

2.5.2 Maak 'n lys van enige DRIE maniere waarop die Slag van Cuito Cuanavale gehelp het om Afrikalande van die 'teistering (marteling) van apartheid' te bevry. (3 x 1) (3)

2.5.3 Lewer kommentaar op die bruikbaarheid van die inligting in hierdie bron vir 'n historikus wat die gevolge van Kuba se betrokkenheid by die Slag van Cuito Cuanavale navors. (2 x 2) (4)

2.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy verduidelik wat die oorsake en gevolge van Kuba se betrokkenheid by die Slag van Cuito Cuanavale tussen 1987 en 1988 was. (8)

**[50]**

**VRAAG 3: WATTER INVLOED HET DIE SLUITING VAN HOËRSKOLE IN 1958 OP DIE GEMEENSKAP VAN LITTLE ROCK, ARKANSAS, GEHAD?**

Bestudeer Bron 3A, 3B, 3C en 3D en beantwoord die vrae wat volg.

3.1 Verwys na Bron 3A.

3.1.1 Hoe, volgens Goewerneur Faubus, sou die sluiting van hoërskole in Little Rock die volgende persone beïnvloed:

(a) Ouers (1 x 1) (1)

(b) Leerders (1 x 1) (1)

3.1.2 Waarom, volgens die bron, het Goewerneur Faubus besluit om die wetsontwerpe van die Buitengewone Sitting van die Algemene Vergadering te onderteken? (2 x 1) (2)

3.1.3 Verduidelik die term *integrasie* in die konteks van die sluiting van skole in Little Rock. (1 x 2) (2)

3.1.4 Lewer kommentaar op wat Goewerneur Faubus bedoel het toe hy gesê het dat skoolintegrasie tot 'n 'katastrofe' sal lei. (2 x 2) (4)

3.1.5 Gee TWEE bewysstukke in die bron wat te kenne gee dat die federale regering beperkte beheer oor die staatsregering gehad het. (2 x 1) (2)

3.1.6 Verduidelik waarom 'n historikus wat die redes vir die sluiting van alle hoërskole in 1958 in Little Rock, Arkansas, navors die inligting in hierdie bron bruikbaar sou vind. (2 x 2) (4)

3.2 Gebruik Bron 3B.

3.2.1 Volgens die bron, hoeveel van die volgende leerders is as gevolg van Faubus se optrede ontwortel:

(a) Wit leerders (1 x 1) (1)

(b) Swart leerders (1 x 1) (1)

3.2.2 Lewer kommentaar op waarom jy dink die NAACP teen die oopmaak van privaatskole vir ontwortelde swart leerders gekant was. (2 x 2) (4)

Kopiereg voorbehou 

3.3 Raadpleeg Bron 3C.

3.3.1 Verduidelik die bedoeling van hierdie foto in die konteks van die sluiting van skole deur Goewerneur Faubus. (2 x 2) (4)

3.3.2 Ondersteun die aktiwiteit in die foto die bewering dat 1958 tot 1959 as die Verlore Jaar vir leerders in Little Rock beskou is? Lewer kommentaar. (2 x 2) (4)

3.4 Bestudeer Bron 3B en 3C. Verduidelik hoe die bewyse in Bron 3C die inligting in Bron 3B rakende Faubus se besluit om alle hoërskole in Little Rock in 1958 te sluit, ondersteun. (2 x 2) (4)

3.5 Lees Bron 3D.

3.5.1 Gee TWEE redes in die bron vir die stigting van die Women's Emergency Committee (WEC) in 1958. (2 x 1) (2)

3.5.2 Waarom, volgens die inligting in die bron, het die WEC, die groep Stop This Outrageous Purge (STOP) en ander gemeenskaps-gebaseerde organisasies 'n spesiale verkiesing aangevra? (1 x 2) (2)

3.5.3 Lewer kommentaar op wat die skrywer geïmpliseer het met die bewering, '1959 het 'n belangrike hoofstuk in die geskiedenis van openbare onderwys in Little Rock afgesluit'. (2 x 2) (4)

3.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy verduidelik watter impak die sluiting van hoërskole in 1958 op die gemeenskap van Little Rock, Arkansas, gehad het. (8)

**[50]**

## AFDELING B: OPSTELVRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag in hierdie afdeling, maar nie meer as TWEE vrae nie.

Jou opstel behoort ongeveer DRIE bladsye lank te wees.

### VRAAG 4: UITBREIDING VAN DIE KOUE OORLOG: GEVALLESTUDIE – VIËTNAM

Die Verenigde State van Amerika het die oorlog in Viëtnam verloor as gevolg van sterk teenkanting teen die oorlog in die land, eerder as weens militêre mislukking op die slagvelde van Viëtnam tussen 1963 en 1973.

Evalueer die akkuraatheid van hierdie bewering. Gebruik relevante historiese bewyse om jou argument te ondersteun. **[50]**

### VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA: VERGELYKENDE GEVALLESTUDIE – DIE KONGO EN TANZANIË

Mobuto Seso Seko (die Kongo) en Julius Nyerere (Tanzanië) het beide gepoog om hulle ekonomieë na die verkryging van onafhanklikheid te 'Afrikaniseer'. Hierdie beleid was egter 'n totale mislukking in albei lande.

Bespreek hierdie bewering krities met verwysing na die doelwitte, implementering en uitwerking van Mobutu en Nyerere se ekonomiese beleide vanaf 1960 in hulle onderskeie lande. **[50]**

### VRAAG 6: BURGERLIKE PROTES VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: SWARTMAGBEWEGING

Verduidelik tot watter mate jy saamstem dat die idees en optrede van Malcolm X, Stokely Carmichael en die Black Panther Party gedurende die 1960's swart Amerikaners 'n nuwe sin van identiteit in die Verenigde State van Amerika gegee het.

Gebruik relevante bewyse om jou argument te ondersteun. **[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## GESKIEDENIS V1

## FEBRUARIE/MAART 2017

## ADDENDUM

**Hierdie addendum bestaan uit 14 bladsye.**

**VRAAG 1: HOE HET DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA EN DIE SOWJETUNIE NA 1945 OP DIE EKONOMIESE KRISIS IN EUROPA GEREAGEER?**

**BRON 1A**

Die uittreksel hieronder fokus op die redes vir die Marshall-plan (VSA) en die ROEB ('COMECON') (USSR).

Die Marshall-plan (of die Europese Herstelprogram) was 'n direkte gevolg van die Inperkingsbeleid/Stuitingsbeleid. Dit was 'n ekonomiese en maatskaplike rekonstruksieplan (heropbouplan) vir Europa wat ontwerp is om herstel te bespoedig in die lande wat steeds onder die gevolge van die Tweede Wêreldoorlog gely het. Die plan is vernoem na die Minister van Buitelandse Sake ('Secretary of State'), George Marshall, wat in 1947 die teorie agter die plan in 'n aanvangsrede by Harvard voorgelê het. Hy (George Marshall, Minister van Buitelandse Sake,) het geglo dat ekonomiese stabiliteit die sleutel tot politieke stabiliteit en die onderdrukking van Sowjetinvloed in Europa was.

Nadat samesprekings begin is om die plan in werking te stel, is al die Geallieerdes en ook die Sowjetunie (in 'n poging om Stalin se vertroue te wen) na 'n vergadering in Parys genooi om oor die bepalings van Amerikaanse hulp aan Europa te onderhandel. Dit was geen verrassing dat Stalin uiters skepties (twyfelagtig) oor die plan was nie en geglo het dat dit 'n antiSowjet-blok sou skep. Alhoewel die hulp vir alle Europese lande beskikbaar was, het Stalin diegene onder sy Oosblok beveel om Amerikaanse hulp te verwerp en 'n Sowjetplan as 'n teenvoeter vir die Marshall-plan geskep.

President Truman het in 1948 die Kongres gevra om die implementering van die Marshall-plan in 16 Wes-Europese lande te fasiliteer. Hulp onder die Marshall-plan het eerstens na Griekeland en Turkye gegaan sodat hulle kon voortgaan om kommunistiese invloed daar te verpletter … Die Marshall-plan se geld is meestal gebruik om Amerikaanse invoere, soos voedsel en brandstof, te koop aangesien plaaslike bronne deur die oorlog vernietig is …

Die Raad vir Onderlinge Ekonomiese Bystand ('COMECON') is in 1949 deur die Sowjetunie, Bulgarye, Pole, Roemenië, Tsjeggo-Slowakye en Hongarye gestig. Dit was die Sowjetunie en die Oosblok se reaksie op die Marshall-plan en die Organisasie vir Europese Ekonomiese Samewerking in Wes-Europa.

[Uit http://europe.unc.edu/teaching/ces-produced/cold-war-2/. Toegang op 25 Oktober 2015 verkry.]

Kopiereg voorbehou 

**BRON 1B**

Hierdie uittreksel fokus op Everett Bellows se siening van die Marshall-plan. Hy was die Assistent Uitvoerende Beampte verantwoordelik vir die implementering van die Marshall-plan.

Dit was vanselfsprekend die grootse en oorspronklike inisiatief. Dit was ongehoord – sover ek weet, en ek lees 'n bietjie geskiedenis – vir enige land wat die oorwinning behaal het, om in te gaan en die slagvelde weer op te bou en die ekonomie opnuut saam te stel (wysig); dit is met 'n tweeledige doel gedoen. Die onmiddellike begunstigdes (ontvangers), die Europeërs, het die hulp nodig gehad. Tweedens, uit die Amerikaanse oogpunt, was dit belangrik dat hulle nie ineenstort en binne die Sowjetunie se invloedsfeer verval nie. Daar was dus heelwat politieke oogmerke daaragter.

Die ander ding wat mense oor die Marshall-plan moet weet, is dat die Europeërs self die werk gedoen het. Wat ons gedoen het, was om vir hulle die instrumente te gee om dit te doen. Een van die instrumente was die teenfonds*. Ons moet 'n oomblik neem om te verduidelik wat gebeur het.

Toe ons steenkool, koring, yster, staal, wat ook al, na die Europeërs verskeep het, was dit omdat hulle nie die dollars gehad het om daarvoor te betaal nie. Hulle kon daarvoor met hulle eie geldeenheid betaal het. Daardie aankope is buitendien in Verenigde State gedoen. Die regerings wat dit ontvang het, het 'n gelykstaande bedrag in kontant in hulle eie geldeenheid gewaarborg. So het dit 'n dubbele uitwerking gehad. Die materiaal was daar. Die dollargaping is toegemaak deur dit weg te sit/bêre. Die gevolglike teenfonds het hulle die fondse gegee om brûe, hoofpaaie, hospitale, lughawens, skole, die soort goed wat geen nyweraar hier of daar doen nie, te herbou.

Dit was 'n kragtige ekonomiese, sielkundige en politieke maneuver (slim plan), en dit was 'n reusesukses.

[Uit http://adst.org/2015/05/the-marshall-plan-the-europeans-did-the-job-themselves/. Toegang op 10 Junie 2016 verkry.]

***Teenfonds: Verwys na die geldeenheid wat party Europese lande gebruik het. Dit het 'n laer waarde as die VS-dollar gehad, maar is gebruik asof dit aan die VS-dollarkoers gelyk was.**

**BRON 1C**

Die bron hieronder is 'n uittreksel uit die toespraak wat die Sowjet- Minister van Buitelandse Sake, Andrei Vyshinsky, op 18 September 1947 by die Vergadering van die Verenigde Nasies gelewer het.

Die sogenaamde Marshall-plan is 'n besonder opvallende voorbeeld van die manier waarop die beginsels van die Verenigde Nasies geskend word, van die manier waarop die organisasie geïgnoreer word.

Die Verenigde State het beweeg na 'n direkte versaking (verwerping) van die beginsels van internasionale samewerking (vennootskap) en simpatieke optrede deur die groot moondhede en hulle poog om hulle wil op ander onafhanklike state af te dwing, terwyl hulle klaarblyklik terselfdertyd die ekonomiese bronne wat as verligting aan individuele hulpbehoewende lande versprei is, as 'n instrument van politieke druk gebruik … Die Verenigde State het ook daarop gereken om al hierdie lande direk afhanklik te maak van die belange van Amerikaanse monopolieë, wat daarna streef om die naderende depressie deur 'n versnelde uitvoer van kommoditeite en kapitaal na Europa af te weer.

Dit word vir almal al hoe duideliker dat die implementering van die Marshall-plan sal beteken dat Europese lande onder die ekonomiese en politieke beheer van die Verenigde State geplaas sal word en dat laasgenoemde direk in die internasionale sake van hierdie lande sal inmeng.


Verder is hierdie plan 'n poging om Europa in twee kampe te verdeel en, om met die hulp van die Verenigde Koninkryk en Frankryk 'n blok van verskeie Europese lande te stig, wat teen die belange van die demokratiese lande van Oos-Europa en, in besonder, die belange van die Sowjetunie vyandig is.

[Uit http://www.slantchev.ucsd.edu/courses/nss/documents/vyshinsky-criticism-of-truman-doctrine.html. Toegang op 8 Junie 2016 verkry.]

Kopiereg voorbehou 

**BRON 1D**

Hierdie spotprent deur Herb Block ('n Amerikaanse spotprenttekenaar), met die titel, 'DIT IS DIESELFDE DING SONDER MEGANIESE PROBLEME', is op 26 Januarie 1949 in die *Washington Post* gepubliseer. Dit beeld sy perspektief van die 'Marshal Stalin Plan' uit.




[Uit http://www.loc.gov/pictures/item/00652193/. Toegang op 5 Junie 2016 verkry.]

## VRAAG 2: WAT WAS DIE OORSAKE EN GEVOLGE VAN KUBA SE BETROKKENHEID BY DIE SLAG VAN CUITO CUANAVALE TUSSEN 1987 EN 1988?

### BRON 2A

Hierdie uittreksel deur die historikus, Edgar Dosmann, fokus op waarom die Angolese regering by Kuba hulp gevra het.

Suid-Afrika se Operasie Modular is twee dae later op 14 September (1987) ontketen; in plaas van oorwinning, het die Angolese weermag 'n vernederende nederlaag by die Lombarivier gely deur die toedoen van die SAW en sy bondgenoot, UNITA …

Pretoria (Suid-Afrikaanse regering) het nou openlik in Angola oorlog gevoer eerder as om net UNITA te ondersteun. SAW-eenhede was diep binne-in die land en Generaal Malan het sy troepe daar besoek om te toon dat hulle van plan was om daar te bly. Om die waarheid te sê, die SAW het militêre planne vir twee nuwe operasies, Hooper en Packer, opgetrek om op die sukses van Modular te bou met die doel om op Cuito Cuanavale toe te slaan en die FAPLA-(Angolese weermag)-brigades wat by Lomba ontsnap het, te vernietig …

Kortom, PW Botha (President van Suid-Afrika) het die inisiatief in die Grensoorlog herwin. Op 11 November, Angola se onafhanklikheidsdag, het Botha nog 'n boodskap aan die Angolese leier gestuur deur na Jamba te vlieg om saam met Savimbi die oorwinning te vier; dit was 'n vertoning van Suid-Afrikaanse mag …

Dos Santos (President van Angola) se 'veg-en-samespreking'-strategie het klaaglik misluk en sy Sowjet-raadgewers is in die skande gesteek … Hulle kon nêrens anders hulp kry as by Castro nie … wetend dat Kuba in hierdie buitengewone verhouding altyd uiteindelik aan die verwagting voldoen.

[Uit *Countdown to Cuito Cuanavale: Cuba's Angolan Campaign* deur EJ Dosmann]

**BRON 2B**

Hierdie is 'n uittreksel uit 'n toespraak deur Raúl Castro, Opperbevelvoerder van die Kubaanse weermag. Dit fokus op Kuba se betrokkenheid by Operasie Carlotta gedurende die Slag van Cuito Cuanavale.

Duisende Suid-Afrikaanse soldate is teen die einde van 1987 teen FAPLA (Angolese weermag), wat besig was om 'n belangrike operasie in suidoostelike Angola uit te voer, ontplooi. Soos wat die ongelyke gevegte ontwikkel het, is 'n deel van die Angolese eenheid byna by Cuito Cuanavale omsingel en vernietig …

Na streng (deeglike) konsultasie (raadpleging) met die Angolese regering en noukeurige beplanning … het ons (Kuba) die geskiedkundige besluit geneem om ons troepe in die Volksrepubliek van Angola te versterk. Hierdie mag, soos jy weet, was in totaal vyftigduisend soldate sterk. Hulle is toevertrou met die sending om saam met die Angolese troepe te veg om die invallende Suid-Afrikaanse magte te oorwin …

Teen die tyd dat die Suid-Afrikaanse strateë besef het wat ons besig was om te doen, het ons ons totale mag verdubbel en dit aan die Suidelike Front verskeie kere vermeerder. Dit het vir ons die eerste keer in twaalf jaar daar lugbeheer gegee …

Ons het 'n aanvalsmag op hierdie front ontplooi wat 998 tenks, meer as 600 pantservoertuie en 1 600 artillerie (geskut), mortiere en lugafweerverdedigingswapens ingesluit het. Uit Kuba het … Compañero (Kameraad) Fidel Castro by ons almal die vasberadenheid ingeskerp om 'n oorwinning te behaal met die minimum ongevalle en om onverskrokkenheid en heldhaftigheid te kombineer met die filosofie (geloof) dat die lewe van geen enkele man op die spel geplaas moet word sonder dat alle ander alternatiewe uitgeput was nie …

Cuito (Cuanavale) het uitgehou. Al die Suid-Afrikaanse pogings om op te ruk, is gestuit. Hulle gesofistikeerde langafstandartillerie (kanonne) het dag en nag voortgegaan om bomme te gooi. Maar dit het nie die Angolese-Kubaanse magte afgeskrik nie en was ondoeltreffend …

[Uit *Operation Carlotta is Over! A Victory for Cuban Internationalism* deur R Castro]

**BRON 2C**

Hierdie foto toon die standbeeld wat opgerig is ter nagedagtenis aan die gevalle helde van die Slag van Cuito Cuanavale. Dit toon twee soldate, een Angolees en een Kubaan, wat 'n kaart van Angola, met 'n ster wat die dorp Cuito Cuanavale aandui waar die slag tussen 1987 en 1988 geveg is, in die lug hou.



[Uit http://www.bradtguides.com/media/wysiwyg/destinations/africa/angola/cuito_cuanvale_angola.jpg. Toegang op 10 Junie 2016 verkry.]

**BRON 2D**

Die uittreksel hieronder is 'n gedeelte van 'n toespraak wat op 26 Julie 1991 deur die voormalige Suid-Afrikaanse President, Nelson Mandela, in Kuba gelewer is.

Ons in Afrika is daaraan gewoond om slagoffers te wees van lande wat ons gebied wil opkerf (verdeel) of ons soewereiniteit wil omverwerp. Dit is ongeëwenaard in die geskiedenis van Afrika dat ander mense opstaan en ons verdedig …

Die verpletterende nederlaag van die rassistiese weermag (SAW) by Cuito Cuanavale was 'n oorwinning vir die hele Afrika!

Die oorweldigende nederlaag van die rassistiese weermag het die strydende mense van Namibië in staat gestel om hulle onafhanklikheid te bekom!

Die deurslaggewende nederlaag van die apartheidsaggressors het die mite (fabel) van die onoorwinlikheid (mag) van die wit onderdrukkers laat verbrokkel!

Die nederlaag van die apartheidsweermag was 'n inspirasie vir die strydende mense in Suid-Afrika!

Sonder die nederlaag by Cuito Cuanavale sou ons organisasies nie ontban (opheffing van verbod) gewees het nie! …

Cuito Cuanavale was 'n mylpaal in die geskiedenis van die stryd om die vryheid van suidelike Afrika!

Cuito Cuanavale was 'n keerpunt in die stryd om die kontinent en ons land van die teistering (marteling) van apartheid te bevry!

[Uit *How Far We Slaves Have Come! South Africa and Cuba in Today's World* deur N Mandela en F Castro]

**VRAAG 3: WATTER INVLOED HET DIE SLUITING VAN HOËRSKOLE IN 1958 OP DIE GEMEENSKAP VAN LITTLE ROCK, ARKANSAS, GEHAD?**

**BRON 3A**

Hierdie is 'n uittreksel uit 'n toespraak wat Goewerneur Orval Faubus op 18 September 1958 in Arkansas gelewer het. Dit fokus op sy besluit om hoërskole in Little Rock te sluit.

Ek is ten volle bewus van die ouers se diepe besorgdheid oor die volgehoue behoorlike onderrig van hulle kinders, en ek is ten volle bewus van die ongerief wat die leerders moet verduur met betrekking tot die onderbreking van behoorlike onderwysprosesse …

Dit was met 'n beswaarde gemoed dat ek dit nodig gevind het om die Buitengewone Sitting van die Algemene Vergadering se wetsontwerpe te onderteken en om die hoërskole in Little Rock te sluit. Ek het dit gedoen eers nadat die laaste hoop op uitkoms uit 'n ondraaglike situasie verdwyn het en om die integrasie van skole te voorkom.

Die Hooggeregshof het hulle oë vir al die feite gesluit en in wese op integrasie ten alle koste aangedring, selfs al beteken dit die vernietiging van ons skoolstelsel, ons onderwysprosesse en die risiko van wanorde en geweld wat tot lewensverlies, miskien julle s'n, kan lei.

Hierdie prys is julle onwillig om te betaal. Ek kon nie sien dat julle dit betaal sonder om eers 'n wettige plan aan julle voor te lê waardeur 'n katastrofe (ramp) vermy kan word, en wat steeds ons kinders 'n kans op onderrig gee nie. Hierdie plan gaan ek nou in besonderhede verduidelik. Hierdie plan is volgens die wet …

Eerstens. Die federale regering het geen gesag om te vereis dat enige staat openbare skole bestuur nie.

Tweedens. Die federale regering het geen gesag om aan die regering van 'n staat voor te skryf oor vir watter doeleindes belasting gehef kan word, of oor hoe belastinggeld gebruik moet word nie.

Derdens. In alle sake waarin openbare skole en integrasie betrokke was, het die federale howe net gesê dat 'n agentskap van die staat nie gesegregeerde skole in stand kan hou nie. Hierdie beslissing is op geen wyse op privaatskole van toepassing nie. Privaatskole word nie deur hierdie besluite geraak nie al ontvang die skole hulp van die staat en federale bronne.

[Uit http://www.blackpast.org/1958-governor-orval-e-faubus-speech-school-integration. Toegang op 8 Mei 2016 verkry.]

**BRON 3B**

Die bron hieronder verduidelik hoe beide swart en wit Amerikaanse leerders beïnvloed is deur Goewerneur Faubus se besluit om in 1958 hoërskole in Little Rock, Arkansas, te sluit.


Die grootste gevolge was miskien die invloed wat dit op ontwortelde leerders en hulle gesinne gehad het … Die getal ontwortelde wit leerders was 2 915. Van hulle het vyf- en-dertig persent openbare skole in die staat gekry om by te woon. Privaatskole in Little Rock het vier-en-veertig persent van die ontwortelde wit leerders ingeneem. 'n Totaal van drie-en-negentig persent wit leerders het een of ander vorm van alternatiewe skoling gevind. Dit was nie die geval met die swart leerders wat ontwortel is nie. Sewe-en-dertig persent van die 750 ontwortelde swart leerders het openbare skole in Arkansas gevind om by te woon. Vyftig persent van ontwortelde swart leerders het egter glad nie skole gevind nie. Roy Wilkins, van die NAACP (National Association for Advancement of the Coloured People), het verklaar dat om privaat- hoërskole vir ontwortelde swart leerders oop te maak, hulle doel van gelyke toegang tot openbare onderwys vir alle leerders teenwerk. Onderhoude met baie gewese leerders het aangedui dat hierdie ontsegging van gratis openbare onderwys lewenslange gevolge gehad het.

Verskeie groepe het gedurende die hele Verlore Jaar daaraan gewerk om óf skole wat toegemaak is te ondersteun, óf om skole oop te maak. Die Verlore Jaar het op 25 Mei 1959 geëindig met die onttrekking van drie segregasionistiese lede van die Little Rock-skoolraad. Kiesers in Little Rock was uiteindelik gewillig om na 'n jaar van geslote openbare hoërskole en die afdanking van onderwysers beperkte desegregasie te aanvaar. Die federale howe het op 18 Junie 1959 hierop voortgebou toe 'n federale distrikshof met drie regters verklaar het dat Arkansas se sluiting van skole en die weerhouding van fondse onkonstitusioneel was.

[Uit http://www.encyclopediaofarkansas.net/encyclopedia/entry-detail.aspx?entryID=737. Toegang op 9 Mei 2016 verkry.]

**BRON 3C**

Die foto hieronder toon leerders van Little Rock wat na 'n les op televisie kyk. Dit was nadat Goewerneur Faubus in 1958 besluit het om skole te sluit.




[Uit http://www.arkansawtraveler.com/wp-content/uploads/2011/11/little-rock-integration. Toegang op 8 Mei 2016 verkry.]

**BRON 3D**

Die bron hieronder skets die rol wat bekommerde burgers van Little Rock gespeel het in die teenkanting teen Goewerneur Faubus se besluit om hoërskole in 1958 te sluit.

'n Groep vroue het in September 1958 bymekaar gekom om die Women's Emergency Committee to Open Our Schools (WEC) te stig … hulle het die eerste organisasie gevorm wat die sluiting van skole in die openbaar veroordeel het en die heropening van skole, volgens die Little Rock-skooldistrik se desegregasieplan, ondersteun het.

… WEC-lede het voortgegaan om die heropening van skole te bepleit (ondersteun), en lede het die teikens van uitgesproke segregasioniste geword wat hulle as 'integrasioniste' bestempel het. Hierdie klimaat van intimidasie het dit vir wit en swart leiers moeilik gemaak om openlik te ontmoet en te probeer om die krisis op te los. Alhoewel hulle pogings hulle die teiken van teistering (uittarting) gemaak het, het die WEC volgehou (voortgegaan). Namate die jaar gevorder het, het die houding onder Little Rock-ouers, veral diegene met tieners, begin om in die rigting van aanvaarding van desegregasie te verskuif indien dit die heropening van skole beteken het.

Saam met die burgergroep, Stop This Outrageous Purge (STOP), en ander gemeenskapsorganisasies, het die WEC 'n spesiale verkiesing aangevra om die segregasionistiese raadslede te onttrek. Die WEC het geregistreerde kiesers gekontak en van deur tot deur besoek afgelê en op hierdie wyse genoeg steun gekry om die drie segregasionistiese raadslede te onttrek en die drie gematigdes te behou.

Na die suksesvolle verkiesing is die openbare hoërskole, met beperkte desegregasie, op 12 Augustus 1959 in Little Rock heropen, … die heropening van skole in die herfs van 1959 het 'n belangrike hoofstuk in die geskiedenis van openbare onderwys in Little Rock afgesluit.

[Uit https://www.nps.gov/chsc/planyourvisit/upload/SitebulletinWEC.pdf/. Toegang op 11 Mei 2016 verkry.]

**ERKENNINGS**

Visuele bronne en ander historiese bewyse is uit die volgende geneem:

Castro, R. 1991. *Operation Carlotta is Over! A Victory for Cuban Internationalism* (Editora Politica, Havana)

Dosmann, EJ. *Countdown to Cuito Cuanavale – Cuba's Angolan Campaign* (Oxford, Londen)

http://www.slantchev.ucsd.edu/courses/nss/documents/vyshinsky-criticism-of-truman-doctrine.html

http://adst.org/2015/05/the-marshall-plan-the-europeans-did-the-job-themselves/

http://europe.unc.edu/teaching/ces-produced/cold-war-2/

http://www.arkansawtraveler.com/wp-content/uploads/2011/11/little-rock-integration

http://www.blackpast.org/1958-governor-orval-e-faubus-speech-school-integration

http://www.bradtguides.com/media/wysiwyg/destinations/africa/angola/cuito_cuanvaleangola.jpg

http://www.encyclopediaofarkansas.net/encyclopedia/entry-detail.aspx?entryID=737

http://www.loc.gov/pictures/item/00652193/

https://www.nps.gov/chsc/planyourvisit/upload/SitebulletinWEC.pdf/

Mandela, N and Castro, F. 1991. *How Far We Slaves Have Come! South Africa and Cuba in Today's World* (Pathfinder, Montreal)

Kopiereg voorbehou

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

**GESKIEDENIS V1**

**FEBRUARIE/MAART 2017**

**MEMORANDUM**

**PUNTE: 150**

**Hierdie memorandum bestaan uit 23 bladsye.**

Kopiereg voorbehou 

## 1. BRONGEBASEERDE VRAE

### 1.1 Die volgende kognitiewe vlakke is gebruik om brongebaseerde vrae te ontwikkel:

| KOGNITIEWE VLAKKE | HISTORIESE VAARDIGHEDE | GEWIGSTOEKENNING VAN VRAE |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Onttrek inligting uit bronne<br>• Selektering en organisasie van relevante inligting uit bronne<br>• Definieer historiese begrippe/terme | **30%<br>(15)** |
| **VLAK 2** | • Interpretasie van bewyse uit bronne<br>• Verduidelik inligting verkry uit bronne<br>• Analiseer bewyse uit bronne | **40%<br>(20)** |
| **VLAK 3** | • Interpreteer en evalueer bewyse uit bronne<br>• Skakel met bronne om bruikbaarheid, betroubaarheid, eensydigheid en beperkings vas te stel<br>• Vergelyk en kontrasteer interpretasies en perspektiewe in die bronne en kom tot onafhanklike gevolgtrekkings | **30%<br>(15)** |

### 1.2 Die inligting hieronder dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:

- By die nasien van brongebaseerde vrae moet krediet gegee word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argument, bewyse of voorbeelde.
- Met die toekenning van punte moet aandag gegee word aan hoe daar aan die vereistes van die vraag voldoen is.
- In die nasienriglyn word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aangedui.

### 1.3 Assesseringsprosedures vir brongebaseerde vrae

- Gebruik 'n regmerk (✓) vir elke korrekte antwoord
- Gee aandag aan die puntetoekenning bv. (2 x 2) wat neerkom op twee redes en word twee punte elk toegeken (✓✓✓✓); (1 x 2) wat neerkom op een rede en twee punte toegeken word (✓✓)
- Indien 'n vraag 4 punte tel word 4 regmerke (✓✓✓✓) aangedui

**Paragraafvraag**

Paragrawe moet globaal (holisties) geassesseer word. Beide die inhoud en die struktuur van die paragraaf moet in berekening gebring word wanneer punte toegeken word. Die volgende stappe moet gebruik word wanneer 'n antwoord op 'n paragraafvraag geassesseer word:

- Lees die paragraaf en plaas 'n kolpunt (•) by elke punt binne-in die teks waar die kandidaat relevante bewyse gebruik het om die vraag te beantwoord.
- Lees die paragraaf weer om die mate waartoe die kandidaat in staat was om relevante bewyse te gebruik om die paragraaf te beantwoord, te evalueer.

- Maak regmerkies (✓), wat aan die kandidaat vir die paragraaf toegeken is, aan die einde van die paragraaf, sowel as die vlak (1, 2 of 3) soos in die holistiese rubriek aangedui en gee kommentaar, bv.

  ________________●_______________________●__________________________
  ________________________●_____________________________
  ✓✓✓✓✓
  Vlak 2

- Gebruik meestal relevante bewyse om die paragraaf te skryf.
  Tel al die regmerkies vir die brongebaseerde vrae op en skryf dan die punt onder in die regterkantse kantlyn, bv. $\frac{32}{50}$

- Maak seker dat die totale punte akkuraat na die buiteblad van die antwoordeboek oorgedra word.

## 2. OPSTELVRAE

### 2.1 Die opstelvrae vereis dat kandidate:

- In staat sal wees om hul argument op 'n logiese en samehangende wyse te stel. Hulle moet die relevante inligting kan selekteer, organiseer en bymekaarvoeg sodat dit vir hulle moontlik sal wees om 'n redelike reeks feite of 'n effektiewe argument te kan weergee om sodoende die gestelde vraag te beantwoord. Dit is noodsaaklik dat 'n opstel 'n inleiding, 'n samehangende en gebalanseerde liggaam van bewyse en 'n slot het.

### 2.2 Nasien van opstelvrae

- Nasieners moet daarop let dat die inhoud van die antwoord gelei sal word deur die handboeke wat by 'n spesifieke sentrum gebruik is.
- Kandidate mag enige ander toepaslike inleiding en/of samevatting hê as dit wat ingesluit is by 'n riglyn vir nasien van 'n spesifieke opstel.
- By die assessering van die oop brongebaseerde vrae moet kandidate krediet kry vir enige ander relevante antwoord.

### 2.3 Globale assessering van 'n opstel

Die opstel sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die onderwyser die totale produk as 'n geheel sal bepunt sonder om die samestellende dele individueel te bepunt. Hierdie benadering moedig die leerder aan om 'n individuele mening aan te bied deur gebruik te maak van geselekteerde feitelike bewyse om 'n argument te ondersteun. Daar sal nie van die leerder verwag word om slegs 'feite' neer te skryf om 'n beter punt te behaal nie. Hierdie benadering sal leerders ook ontmoedig om 'model-antwoorde' voor te berei en te reproduseer sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van opstelle gee krediet aan leerders se mening, ondersteun deur bewyse. Anders as by inhoudsgebaseerde nasien, word leerders met holistiese assessering nie vir ontoereikende taalgebruik gepenaliseer nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die konstruksie/daarstelling van 'n argument
- Die toepaslike seleksie van feitelike bewyse om sodanige argument te ondersteun
- Die leerder se interpretasie van die vraag.

## 2.4 Assesseringsprosedures van die opstel

2.4.1 Hou die sinopsis in gedagte wanneer die opstel nagesien word.

2.4.2 Tydens die eerste deurlees van die opstel moet regmerkies toegeken word vir 'n relevante inleiding (aangedui met 'n kolpunt ('bullet') in die nasienriglyne/memorandum), vir elke hoofmoment/aspek wat volledig gekontekstualiseer is en 'n relevante slotopmerking (aangedui met 'n kolpunt in die nasienriglyn/memorandum) bv. 'n antwoord waar daar 5 hoofpunte is, sal daar dus 7 regmerkies wees.

2.4.3 Die volgende addisionele simbole kan ook gebruik word:

- Inleiding, hoofaspekte, slotopmerking nie behoorlik gekontekstualiseer nie ^
- Verkeerde stelling _________________
- Irrelevante stelling |<br>|<br>|
- Herhaling R
- Analise A√
- Interpretasie 1√

## 2.5. Die matriks

2.5.1 Gebruik van die matriks vir die assessering van opstelle

By die nasien van opstelle, moet die kriteria gebruik word wat in die matriks voorsien word. Tydens die assessering van 'n opstel moet beide die inhoud en die aanbieding in ag geneem word. 'n Punt word toegeken by die snypunt van die inhoud en aanbieding, gebaseer op die sewe vaardigheidvlakke.

(a) Met die eerste deurlees van die opstel word daar bepaal tot watter mate die hoofmomente gedek is om en die **inhoudsvlak** (op die matriks) vas te stel.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| | | |

(b) Die tweede deurlees van die skryfwerk sal die vlak (op die matriks) van die **aanbieding** bepaal.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| A | VLAK 3 | |

(c) Ken 'n algehele punt toe met behulp van die matriks.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | }26–27 |
| A | VLAK 3 | |

## NASIENMATRIKS VIR OPSTELLE: TOTAAL: 50

| AANBIEDING → <br> INHOUD ↓ | VLAK 7 | VLAK 6 | VLAK 5 | VLAK 4 | VLAK 3 | VLAK 2 | VLAK 1* |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. Goeie sintese van inligting. Het 'n goed gebalanseerde, oorspronklike argument ontwikkel met bewyse. Argument deurgaans volgehou en verdedig. Onafhanklike gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. 'n Relevante argument is gevolg. Bewyse gebruik om die argument te verdedig. Poog om 'n onafhanklike gevolgtrekking uit die bewyse te maak om die argument te ondersteun. | Goed beplande en gestruktureerde opstel. Poog om 'n duidelike argument te ontwikkel. Gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | Argument beplan en gestruktureer. Bewyse tot 'n sekere mate gebruik om argument te ondersteun. Slotsom bereik op grond van bewyse. | Toon soms bewys van 'n gestruktureerde en beplande argument. Poog om 'n argument vol te hou. Gevolgtrekking nie duidelik ondersteun deur bewyse nie. | Poging aangewend om antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend of poog om argument te ontwikkel. Geen poging om 'n gevolgtrekking te maak nie. | Weinig of geen poging om die opstel te struktureer nie. |
| **VLAK 7** Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudskeuse ten volle relevante tot argument wat gevolg is. | 47–50 | 43–46 | | | | | |
| **VLAK 6** Vraag is beantwoord. Inhoudseleksie relevante tot argument wat gevolg is | 43–46 | 40–42 | 38–39 | | | | |
| **VLAK 5** Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud toereikend en relevante. | 38–39 | 36–37 | 34–35 | 30–33 | 28–29 | | |
| **VLAK 4** Vraag herkenbaar in antwoord. Sommige weglatings of irrelevante keuse van inhoud. | | | 30–33 | 28–29 | 26–27 | | |
| **VLAK 3** Keuse van inhoud hou verband met vraag, maar beantwoord dit nie. Hou soms nie verband met die vraag nie. Weglatings. | | | | 26–27 | 24–25 | 20–23 | |
| **VLAK 2** Vraag ontoereikend beantwoord. Inhoud skraal. | | | | | 20–23 | 18–19 | 14–17 |
| **VLAK 1*** Vraag ontoereikend beantwoord of glad nie. Ontoereikend of irrelevante inhoud. | | | | | | 14–17 | 0–13 |

* **Riglyne vir die toekenning van 'n punt in Vlak 1:**

- Vraag glad nie beantwoord nie/totaal irrelevante inhoud; geen poging om die opstel te struktureer nie = 0
- Vraag sluit basiese en algemene irrelevante inligting in; geen poging om die opstel te struktureer nie = 1–6
- Vraag ontoereikend en vaag beantwoord ; klein poging om die opstel te struktureer = 7–13

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

### VRAAG 1: HOE HET DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA EN DIE SOWJETUNIE NA 1945 OP DIE EKONOMIESE KRISIS IN EUROPA GEREAGEER?

1.1 1.1.1 *[Verduideliking van 'n historiese begrip in Bron 1A – V1]*

- 'n VS beleid wat gepoog het om kommunistiese uitbreiding in Europese lande na 1945 in bedwang te hou/ te stop
- Enige ander relevante verduideliking (enige 1 x 2) (2)

1.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*

- Dit was 'n ekonomiese en maatskaplike rekonstruksieplan vir Europa
- Om herstel in die lande wat steeds ly onder die uitwerking van die Tweede Wêreldoorlog te bespoedig
- Dit was die sleutel tot politieke stabiliteit in Europa
- Om die Sowjetinvloed in Europa te verpletter (enige 2 x 1) (2)

1.1.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*

- Stalin was uiters skepties oor die plan
- Stalin het diegene onder sy Oosblok beveel om Amerikaanse hulp te weier
- Stel 'n Sowjetplan ('COMECON') in antwoord op die Marshall-plan in (2 x 1) (2)

1.1.4 *[Interpretasie van bewyse in Bron 1A – V2]*

- Die Marshall-plan is as finansiële hulp aan Europese lande aangebied
- Truman het die Kongres gevra om die Marshall-plan in 16 Wes-Europese lande te implementeer
- Finansiële hulp is aan Griekeland en Turkye gegee met die doel om die verspreiding van kommunisme daar te keer
- Hulp is gegee aan die 16 Wes-Europese lande in die vorm van geld wat gebruik moes word om Amerikaanse invoere/goedere te koop
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.1.5 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*

- As 'n reaksie op die Marshall-plan (1 x 2) (2)

1.2 1.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – V1]*

- Dit was die eerste keer/ongehoord dat 'n oorwinnaarsland gegaan het om slagvelde te herbou
- Bellows beweer dat dit die eerste keer was dat 'n oorwinnaarsland gegaan het om die ekonomie opnuut saam te stel (2 x 1) (2)

1.2.2 *[Interpretasie van bewyse in Bron 1B – V1]*
Die VSA wou:
- Die sisteem van kapitalisme beskerm en behou
- Die verspreiding van kommunisme voorkom
- Hulle onafhanklikheid onderhou en demokrasie beskerm
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

1.2.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – V1]*
- Brûe
- Hoofpaaie
- Hospitale
- Lughawens
- Skole (enige 2 x 1) (2)

1.3 1.3.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1C – V1]*
- Die Verenigde State het beweeg in die rigting van afstanddoening van die samewerkingsbeginsel
- Ekonomiese bronne wat as 'n instrument van politieke druk gebruik is
- Die VSA het probeer om sy wil op ander onafhanklike state af te dwing (1 x 2 ) (2)

1.3.2 *[Interpretasie van bewyse in Bron 1C – V2]*
- Die VSA het lande afhanklik gemaak van hom deur sy monopolie te gebruik
- Die VSA kon ander lande se ekonomie en politiek beheer
- Die VSA kon in hierdie lande se internasionale en interne sake inmeng
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.3.3 *[Evalueer die bruikbaarheid van Bron 1C – V3]*
**Kandidate moet aandui tot watter mate die bron BRUIKBAAR is en hulle antwoord met relevante bewyse ondersteun**.

**BRUIKBAAR TOT 'N GROOT MATE**
- Die bron is 'n toespraak deur die Sowjet Minister van Buitelandse Sake gedurende die implementering van die Marshall-plan
- Die bron dui aan hoe 'n hoë rang Sowjet die doel van die Marshall-plan geïnterpreteer het
- Die inligting reflekteer die amptelike standpunt wat die Sowjetunie geneem het oor die Marshall-plan
- Enige ander relevante antwoord

**OF**

**BRUIKBAAR TOT 'N MINDERE MATE**

- Die bron kan gesien word as eensydig teenoor die VSA want dit was 'n opinie van die Sowjet Minister van Buitelandse Sake
- Die bron het 'n negatiewe siening van die Marshall-plan
- Die bron maak ook party aannames van die VSA se toekomsdoel wat nie eintlik bevestig kon word nie
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.4 *[Vergelyking van inligting in Bron 1B en 1C – V3]*

- Bron 1B is 'n antwoord van 'n Amerikaanse regeringsamptenaar wat positiewe terugvoering gee oor die doel van die Marshall-plan terwyl Bron 1C die antwoord is van 'n Sowjetregeringsamptenaar wat 'n negatiewe opsomming van die Marshall-plan gee
- Bron 1B dui aan dat Europese lande vir hulself kon besluit hoe hulle die Marshall-plan sal gebruik terwyl Bron 1C staaf dat die VSA sy wil sal afdwing op deelnemende Europese lande
- Bron 1B maak geen melding van hoe die Marshall-plan gebruik sal word om Europa in twee kampe te verdeel nie en dat dit vyandiggesind was teenoor die Sowjetunie maar Bron 1C meld dat die Marshall-plan 'n poging was om Europa in twee kampe te verdeel, een wat vyandiggesind sou wees teenoor die belange van die Sowjetunie
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2 ) (4)

1.5 1.5.1 *[Interpretasie van bewyse in Bron 1D – V2]*

- Die Marshall-plan was ekonomies suksesvol/genoeg hulpbronne (trekkers word gebruik/glimlaggende trekkerbestuurder) en die Marshal Stalin plan was nie voldoende nie
- Oos-Europese lande (satellietstate) het die ROEB (['COMECON'] (Marshal Stalin plan) (Stalin wat lande probeer oortuig/persoon wat sy ekonomiese plan gebruik – mense blyk onwillig te wees) betwyfel
- Oos-Europese lande kon sien hoe Westerse lande voordeel getrek het uit die Marshall-plan omdat slegs 'n grens hierdie lande verdeel het ('n persoon wat oor die klein heining loer kan gesien word)
- Die ROEB ('COMECON') (Marshal Stalin plan) se bystand is gesien as ver minder as die van die Marshall-plan (trekker teenoor 'n ou ploeg)
- Die ROEB ('COMECON') (Marshal Stalin plan) sou direk onder Sowjetbeheer val (ploeg dui kommunisme aan)
- Die Marshal Stalin plan het ‘n las op satelietstate geplaas soos getoon deur die swaar juk (trek terwyl hulle sweet)
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.5.2 *[Interpretasie van bewyse in Bron 1D – V2]*

- Die Marshall-plan en ROEB ('COMECON') (Marshal Stalin plan) was albei ekonomiese planne wat Europese lande na die Tweede Wêreldoorlog bygestaan het
- Die Marshall-plan is 'n meer moderne en doeltreffende sisteem met genoeg finansies en masjinerie om homself te onderhou terwyl die ROEB ('COMECON') (Marshal Stalin plan) 'n gebrek aan finansies en doeltreffende masjinerie gehad het
- Beide die VSA en die Sowjetunie het gepoog om Europese lande by te staan, alhoewel die Sowjethulp uitgebeeld word as agterlik en finansieel nie volhoubaar nie
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*
Kandidate moet na albei perspektiewe verwys in hulle antwoord. Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoorde insluit:

**VSA**
- Het die Marshall-plan ingestel wat deel uitgemaak het van die inperkings/stuitingsbeleid wat moes keer dat Europese lande in die Sowjetinvloedsfeer val (Bron 1A en 1B)
- Het 'n ekonomiese beleid ontwerp om lande in Europa te help om hulle infrastruktuur en hulle eie ekonomie te herbou (Bron 1A en 1B)
- Toenemende uitvoere na Europa en het voordeel getrek uit die gelykstaande fonds (Bron 1B)
- Het die Marshall-plan beskikbaar gestel aan alle lande wat hulp benodig het (Bron 1A)
- Het seker gemaak dat die Marshall-plan finansieel sterker as die ROEB ('COMECON') (Marshal Stalin plan) bly (Bron 1D)
- Enige ander relevante antwoord

**SOWJETUNIE**
- Stalin het skepties en negatief teenoor die Marshall-plan geraak (Bron 1A en 1C)
- Oosblok lande is beveel om die Marshall-plan te weier (Bron 1A)
- Die Marshall-plan is verwerp omdat dit die beginsels van die Verenigde Nasies geskend het (Bron 1C)
- Beskou die Marshall-plan as 'n werktuig van die VSA om sy wil op lande af te dwing wat dan tot ekonomiese en politieke beheer lei (Bron 1C)
- Interpreteer die Marshall-plan as 'n middel om 'n teen-Sowjetblok te vorm (Bron 1A en 1C)
- Het die Marshall-plan teengewerk deur die stigting van die ROEB ('COMECON') vir Oosbloklande (Bron 1A)
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip oor hoe die Verenigde State van Amerika en die Sowjetunie na 1945 op die ekonomiese krisis in Europa gereageer het nie.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevante en hou in 'n groot mate verband met die onderwerp bv. **toon begrip oor hoe die Verenigde State van Amerika en die Sowjetunie na 1945 op die ekonomiese krisis in Europa gereageer het**.<br>• Gebruik bewyse op 'n baie basiese manier om 'n paragraaf te skryf. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv. toon deeglike begrip oor **hoe die Verenigde State van Amerika en die Sowjetunie na 1945 op die ekonomiese krisis in Europa gereageer het**.<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | **PUNTE 6–8** |

(8)
**[50]**

**VRAAG 2: WAT WAS DIE OORSAKE EN GEVOLGE VAN KUBA SE BETROKKENHEID BY DIE SLAG VAN CUITO CUANAVALE TUSSEN 1987 EN 1988?**

2.1 2.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*
Die Angolese weermag het 'n vernederende nederlaag gelei by die Lombarivier deur die SAW (enige 1 x 2) (2)

2.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*
- SAW eenhede is diep binne in Angola gestasioneer
- Generaal Malan het die troepe binne in Angola besoek
- SAW het militêre planne opgestel vir twee nuwe operasies, Hooper en Packer (enige 2 x 1) (2)

2.1.3 *[Interpretasie van bewyse in Bron 2A – V2]*
- Suid-Afrika het nie langer net bystand aan UNITA magte geoffer nie
- Suid-Afrika het openlik erken dat SAW troepe in Angola veg (en nie slegs in Namibië nie)
- Suid-Afrika het 'n leidende rol aangeneem om te probeer om FAPLA in die Angolese burgeroorlog te oorwin
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.1.4 *Interpretasie van bewyse in Bron 2A – V2]*
- Angolese troepe is aangeval deur UNITA en SAW-magte
- Die 'veg en samespreking'-strategie wat deur Sowjet militêre adviseurs aanbeveel is, het misluk
- Kuba het die MPLA regering van Angola in die verlede bygestaan
- Castro het dikwels sy verbondenheid aan internasionalisme uitgedruk
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.2 2.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – V1]*
- Duisende SAW-troepe is ontplooi om teen FAPLA-troepe in Angola te veg
- Die SAW besig was om 'n belangrike operasie in suidoostelike Angola uit te voer
- Dit was 'n ongelyke geveg/oorlog (enige 2 x 1) (2)

2.2.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron – V1]*
- Noukeurige beplanning
- 'n Totaal van of 50 000 Kubaanse troepe is na Angola gestuur
- Dit het vir die Kubane die eerste keer in twaalf jaar daar lugbeheer gegee
- 998 tenks is deur die Kubane gestuur
- 600 gepantserde voertuie
- 1 600 artillerie, mortiere en lugafweerverdedigingswapens
- Vasberadenheid om oorwinning te behaal
- Onverskrokkenheid en heldemoed saam te bind (enige 3 x 1) (3)

2.2.3 *[Interpretasie van bewyse in Bron 2B – V2]*

- Fidel Castro was verantwoordelik vir die leiding, alhoewel hy nie fisies daar was nie, van die Kubaanse weermag by Cuito Cuanavale; hulle oorwinning het bewys dat Fidel Castro 'n groot militêre strateeg was
- Fidel Castro was die leier van Kuba en verantwoordelik vir die besluit om troepe na Angola te stuur en die oorwinning by Cuito Cuanavale het goed gereflekteer op sy leierseienskappe
- Raúl Castro wou toon dat die positiewe gevolge van Kubaanse internasionalisme (betrokkenheid in Angola) bewys het dat Fidel Castro 'n groot staatsman was
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.2.4 *[Interpretasie van bewyse in Bron 2B – V2]*

- Ten spyte van swaar bombardement deur die SAW, het die Suid-Afrikaners nie daarin geslaag om Cuito Cuanavale te verower nie (hulle is verslaan)
- Kuba se betrokkenheid by Cuito Cuanavale het oorwinning vir die Angolese (FAPLA/MPLA) verseker
- Die mislukking van die SAW om Cuito Cuanavale oor te neem het langtermyn gevolge gehad, byvoorbeeld, die SAW weermag is verneder, daar was 'n groter begeerte om vir 'n skikking te onderhandel wat gelei het tot die onttrekking van die SAW en Kubaanse troepe uit Angola.
- Cuito Cuanavale was 'n strategies belangrike oorwinning vir die Kubane/Angolese teen die SAW/UNITA magte (suksesvol verdedig)
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.3 *[Vergelyking van inligting in Bron 2A en 2B – V3]*

- In Bron 2A word die SAW getoon asof hulle 'n verhewe posisie in die Slag van Cuito Cuanavale bereik het voordat die Kubane gearriveer het en in Bron 2B het Castro hierdie siening ondersteun en toon hoe baie militêre bystand nodig was van Kuba om die SAW te oorwin
- In Bron 2A, het Dos Santos Kuba om hulp gevra wetend dat hulle hulp sou verleen en Bron 2B toon die gewilligheid en graad van Kubaanse ondersteuning vir die Angolese regering as deel van Kuba se verbondenheid aan internasionalisme
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

2.4 2.4.1 *[Interpretasie van bewyse in Bron 2C – V2]*

- Kubaanse en Angolese soldate het saamgewerk om 'n oorwinning by Cuito Cuanavale (word getoon asof hulle Angola saam ophou) te verseker
- Kuba en Angola se militêre oorwinning het die soewereiniteit gehandhaaf, onafhanklikheid van die MPLA regering (soldate wat 'n kaart van Angola in die lug hoe)
- Dit impliseer dat die Kubane as gelykes met die Angolese troepe (wapenbroers) geveg het. Hulle was dieselfde grootte, dra dieselfde uniform en het dieselfde gewere gedra
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

2.4.2 *[Interpretasie van bewyse in Bron 2C – V2]*

- Die monument vier manlike, militêre mag en krag. Dit beweer dat dit hierdie manne was wat verantwoordelik was vir die oorlewing van Angola (sterk mans in uniforms en met gewere, hou die kaart van Angola in die lug)
- Die Slag van Cuito Cuanavale word onthou as 'n belangrike stryd in die geskiedenis van Angola
- Dit toon dat die Angolese en Kubaanse soldate saamgewerk het vir 'n gesamentlike doel
- Daar is geen erkenning aan die vroue en kinders wat langs die manne in die Slag van Cuito Cuanavale geveg het nie, nog van die vroue wat 'n ondersteunende rol gespeel het in die Kubaanse en Angolese weermag
- Daar is geen erkenning van die Angolese burgers wat hulle lewens verloor het in die Slag van Cuito Cuanavale nie
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.5 2.5.1 *[Verduideliking van 'n historiese begrip in Bron 2D – V1]*

- Om onafhanklikheid te verkry van koloniale beheer
- Om die reëls en wette te volg wat in jou respektiewe land se grondwet vasgelê is
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

2.5.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2D – V1]*

- Dit was 'n oorwinning vir die hele Afrika
- Dit het dit vir Namibië moontlik gemaak om sy onafhanklikheid te verkry
- Het die mite van 'n onoorwinlike apartheidsweermag verbreek
- Het die benadeelde en gemarginaliseerde Suid-Afrikaners geïnspireer
- Dit het die ontbanning van die Suid-Afrikaanse vryheidsbeweging tot gevolg gehad
- 'n Mylpaal in die vryheidsgeskiedenis
- 'n Keerpunt in die stryd om Afrika te bevry (enige 3 x 1) (3)

2.5.3 *[Evalueer die bruikbaarheid van Bron 2D – V3]*

- Die bron is geneem uit 'n toespraak wat deur voormalige president Nelson Mandela gelewer is
- Die gevolge waarna Mandela verwys kan ondersteun/bevestig word met ander bewyse
- Die bron bevestig dat Kubaanse troepe 'n belangrike rol gespeel het in die Slag van Cuito Cuanavale
- Bewyse in die bron dui aan dat daar verrykende gevolge was van Kuba se betrokkenheid in die Slag van Cuito Cuanavale
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*
Kandidate kan die volgende aspekte by hulle antwoorde insluit:

**Oorsake**
- Die SAW het 'n beslissende oorwinning behaal by die Lombarivier en Angolese soewereiniteit is hierdeur bedreig (Bron 2A)
- Die SAW het 'n vaste voet verkry en het sy soldate diep binne in Angola opgestel
- Dos Santos het Kuba vir ondersteuning gevra toe Russiese planne misluk het (Bron 2A)
- Kuba was gebonde aan internasionalisme (Bron 2B)
- Kuba het die MPLA regering ondersteun in die Angolese burgeroorlog sedert die mid-1970's (eie kennis)

**Gevolge**
- Die SAW is oorwin as gevolg van die militêre teenwoordigheid en krag van Kuba
- Dit het dit vir Namibië moontlik gemaak om sy onafhanklikheid te verkry (Bron 2D)
- Die SAW nederlaag het die mite gebreek van 'n onoorwinlike apartheidsweermag (Bron 2D)
- Die vryheidsbewegings in Suid-Afrika is geïnspireer deur Kubaanse sterkte en gebondenheid aan internasionalisme (Bron 2D)
- Kubaanse soldate het saam met hulle Angolese kamerade geveg en doodgegaan (Bron 2C)
- Die Kubane het 'n groot getal militêre personeel en toerusting gestuur om in Angola te veg (Bron 2B)
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om punte toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip oor wat die oorsake en gevolge van Kuba se betrokkenheid by die Slag van Cuito Cuanavale tussen 1987 en 1988 was.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevante en hou in 'n groot mate verband met die onderwerp, bv. **toon begrip oor wat die oorsake en gevolge van Kuba se betrokkenheid by die Slag van Cuito Cuanavale tussen 1987 en 1988 was.**<br>• Gebruik bewyse op 'n baie basiese manier om 'n paragraaf te skryf. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse, bv. **toon deeglike begrip oor wat die oorsake en gevolge van Kuba se betrokkenheid by die Slag van Cuito Cuanavale tussen 1987 en 1988 was.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | **PUNTE 6–8** |

(8)
**[50]**

## VRAAG 3: WATTER INVLOED HET DIE SLUITING VAN HOËRSKOLE IN 1958 OP DIE GEMEENSKAP VAN LITTLE ROCK, ARKANSAS, GEHAD?

3.1 3.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]*

(a) Diepe besorgdheid oor behoorlike onderrig vir hulle kinders (1 x 1) (1)

(b) Onderbreking van behoorlike onderrigprosesse (1 x 1) (1)

3.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]*

- Dit was omdat die laaste hoop op verligting van 'n ondraaglike situasie uitgeput was
- Om die integrasie van skole te voorkom (2 x 1) (2)

3.1.3 *[Verduideliking van 'n historiese begrip in Bron 3A – V1]*

- 'n Proses wat swart Amerikaanse leerders toegelaat het om dieselfde skole as wit Amerikaners by te woon bv. Central High School in Little Rock
- 'n Proses waar leerders van verskillende rasse dieselfde skool saam sal bywoon
- Rassevermenging van leerders (swart Amerikaners en wit Amerikaners) by skole
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.1.4 *[Interpretasie van bewyse in Bron 3A – V2]*

Integrasie van skole sou:

- Lei tot geweld/ bloedvergieting in skole in Little Rock
- Lei tot vernietiging van die skoolsisteem
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (2)

3.1.5 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]*

- Die federale regering het geen outoriteit gehad om van enige staat te verwag om openbare skole te beheer nie
- Die federale regering het geen outoriteit gehad om die staatsregering te sê waarvoor hulle belasting moes hef en hoe dit gebruik moes word nie
- Die federale howe het gesê dat slegs 'n agentskap van die state kon nie gesegregeerde skole onderhou nie (enige 2 x 1) (2)

3.1.6 *[Evalueer die bruikbaarheid van Bron 3A – V3]*

- Hierdie bron bevat die amptelike toespraak wat deur Goewerneur Faubus gelewer is
- Dit was 'n optrede wat geneem is nadat Goewerneur Faubus die wetsontwerp van die Buitengewone Sessie van die Algemene Vergadering onderteken het
- Hoërskole in Little Rock is gedurende die 1958-1959 akademiese jaar gesluit; die inligting kom ooreen met inligting in ander bronne
- Inligting oor die sluiting van hoërskole in Little Rock kan gevind word in die Little Rock historiese argiewe
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.2 3.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – V1]*

(a) Wit leerders: 2 915 (1 x 1) (1)

(b) Swart leerders: 750 (1 x 1) (1)

3.2.2 *[Interpretasie van bewyse in Bron 3B – V2]*

- Die opening van privaatskole vir swart leerders kan beskou word as die teenstaan van die versoek vir gelyke toegang tot onderwys vir alle Amerikaners
- Swart privaatskole kon 'n onderwysstelsel van segregasie in stand gehou het
- 'n Paar swart gesinne kon privaatonderrig vir hulle kinders bekostig het
- Die 1954-uitspraak van die Hooggeregshof het teen segregasieonderwys beslis
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.3 3.3.1 *[Interpretasie van bewyse in Bron 3C – V2]*

- Om te toon hoe televisielesse gedurende die Verlore Jaar gebeeldsend is
- Om te toon dat van leerders verwag is om sonder onderwysers se leiding/ondersteuning te leer
- Om die uitwerking van Faubus se optrede rakende die sluiting van skole te toon
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.3.2 *[Interpretasie van bewyse in Bron 3C – V2]*

**Kandidate moet aandui of hulle die bron ONDERSTEUN of NIE ONDERSTEUN NIE en hulle antwoord met relevante bewyse ondersteun.**

**ONDERSTEUN**

- Geen formele assessering is aan leerders gee nie
- Geen onderwysers om leerders te lei nie
- Leerders lyk asof hulle nie geïnteresseerd is nie
- Geen bewyse van leerders wat regtig na die lesse geluister het nie
- Enige ander relevante antwoord

**OF**

**ONDERSTEUN NIE**

- Toon leerders wat luister na 'n televisieles
- Toon die beeld van 'n leerproses wat plaasvind
- Leerders neem notas
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.4 *[Vergelyking van inligting in Bron 3B en 3C – V3]*

- Bron 3B verwys na ontwortelde leerders terwyl Bron 3C leerders toon wat 'n televisieles kyk
- Bron 3B verwys na alternatiewe skoling terwyl Bron 3C leerders toon wat notas in 'n sitkamer neem
- Bron 3B verwys na die Verlore Jaar terwyl Bron 3C leerders toon gedurende die Verlore Jaar
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

3.5 3.5.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3D – V1]*

- Om die optrede van skoolsluiting te veroordeel
- Om die heropening van skole te ondersteun (2 x 1) (2)

3.5.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3D – V1]*

- Om die segregasionistiese skoolraad te herroep
- Hulle het geregistreerde kiesers gekontak en mense van deur tot deur besoek om genoeg ondersteuning te verkry om die drie segregasionistiese skoolraadslede te herroep en die drie gematigdes te behou (enige 1 x 2) (2)

3.5.3 *[Analise van bewyse in Bron 3D – V2]*

- Skole in Little Rock is uiteindelik gedesegregeer
- Die Federale regering het skoolintegrasie suksesvol geïmplementeer
- Die Amerikaanse grondwet is onderhou
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*
Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoorde insluit:

- Goewerneur Faubus het staatsmasjinerie gebruik om skole te sluit (eie kennis)
- Goewerneur Faubus het wit ouers teen skooldesegregasie beïnvloed (eie kennis)
- Skoling is onderbreek deur Goewerneur Faubus se optrede (Bron 3A)
- Die uitwerking van skooldesegregasie op leerders en ouers (Bron 3B)
- 2915 wit leerders is ontwortel terwyl 750 swart leerders ontwortel is (Bron 3B)
- 93% van die wit leerders kon alternatiewe skoling kry terwyl 50% swart leerders alternatiewe skoling kon vind (Bron 3B)
- Baie leerders het nie skoling gekry nie (eie kennis)
- Verskeie groepe is georganiseer of om die sluiting van skole te ondersteun of om hulle oop te hou(3B)
- Leerders het televisielesse gekyk (Bron 3C)
- Televisielesse was oneffektief omdat leerders nie gemonitor is nie (eie kennis)
- WEC en STOP het saamgewerk om skole te heropen (Bron 3D)
- Ouers se houding teenoor desegregasie het verskuif na slegs gedeeltelike desegregasie (Bron 3D)
- Verhoudings tussen party wit en swart het verbeter (eie kennis)
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip oor watter impak die sluiting van hoërskole op die gemeenskap van Little Rock, Arkansas in 1958 gehad het.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevante en hou in 'n groot mate verband met die onderwerp, bv. **toon begrip oor watter impak die sluiting van hoërskole op die gemeenskap van Little Rock, Arkansas in 1958 gehad het.**<br>• Gebruik bewyse op 'n baie basiese manier om 'n paragraaf te skryf. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse, bv. **toon deeglike begrip oor watter impak die sluiting van hoërskole op die gemeenskap van Little Rock, Arkansas in 1958 gehad het**.<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | **PUNTE 6–8** |

(8)
**[50]**

## AFDELING B: OPSTELVRAE

### VRAAG 4: UITBREIDING VAN DIE KOUE OORLOG: GEVALLESTUDIE –VIËTNAM

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasie vaardighede]*

**SINOPSIS**

Daar word van kandidate verwag om te evalueer of die Verenigde State van Amerika die oorlog verloor het as gevolg van teenkanting binne in die land of as gevolg van sy militêre mislukking op die slagvelde van Viëtnam. Kandidate moet die verskillende vorms van teenkanting teen die oorlog identifiseer en daardie faktore opweeg teen die impak van die militêre strategieë wat op die slagvelde in Viëtnam gebruik is.

**HOOFASPEKTE**

Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoorde insluit:

- **Inleiding:** Daar word van kandidate verwag om die vraag te kontekstualiseer, 'n duidelike argument vas te stel en aandui hoe hulle die vraag gaan beantwoord.

**UITBREIDING**

**Redes vir die VSA se betrokkenheid in Viëtnam**

- Stop die verspreiding van kommunisme in Asië
- Golf van Tonkin Resolusie (1964)
- Die Domino-teorie

**Opposisie in die Verenigde State van Amerika (VSA Politiek)**

- Teen-oorlog betogings
- Opposisie teen konskripsie (bv.: Mohammed Ali, universiteitstudente)
- Die rol van die media
- Veterane se teen-oorlog protes

**Militêre mislukking op die slagvelde**

- Konskripsie van jong onervare soldate/guerrillas in Viëtnam was hoog ervare as gevolg van strydoorloë teen koloniale magte
- VSA se massa lugbombardement 'Operasie Rolling Thunder' van 1965 (konvensionele oorlogvoering) / guerrilla taktieke het geen sigbare teikens vir bomme geplaas nie; Ho Chi Minh-roete het gekeer dat voorraad vanaf Noord-Viëtnam na Suid-Viëtnam vervoer is
- 'Operasie Ranch Hand' (gebruik van chemikalieë om woude (Agent Orange) en gesaaides (Agent Blue) te vernietig / Uitwerking van napalm op die Viëtnamese het hulle teen die VSA laat draai en het die guerrillas ondersteun; guerrillas het die ondersteuning van boere gewen
- Die TET offensief (Januarie 1968) (Die VS gekontroleerde dorpe en stede is deur guerrillas in hinderlae gelei)
- Die VS weermag het soek-en-vernietig metodes gebruik (My Lai-bloedbad) om dorpe wat deur die Viëtkong ondersteun is te vernietig/doodmaak van vroue en kinders het die plaaslike inwoners teen die VS laat draai om die guerrillas te ondersteun; media het foto's gepubliseer wat simpatie vir Viëtnam gewen het
- President Nixon se Viëtnamiseringsbeleid/insluitend WHAM (Winning the hearts and minds of the Viëtnamese) was 'n poging deur die VSA om van die oorlog te onttrek en om hulle aansien te red
- Die VSA het alle troepe teen 1973 onttrek en Noord-Viëtnam het in 1975 beheer oorgeneem van Saigon
- Enige ander relevante antwoord

Slot: Kandidate moet hul argument met 'n relevante slot saamvat. **[50]**

## VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA: VERGELYKENDE GEVALLESTUDIE – DIE KONGO EN TANZANIË

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasievaardighede]*

**SINOPSIS**

Kandidate moet die doel, implementering en uitwerking van die Zaïrenasiebeleid (die Kongo) en ujamaa (villagisation) (Tanzanië) krities bespreek in hulle opstel. Hulle moet ook krities bespreek hoe hulle gefaal het in hulle ekonomieë in die Kongo en Tanzanië na die verkryging van onafhanklikheid in die 1960s. Kandidate moet ook aandui waarom beide lande gefaal het om volle onafhanklikheid te verkry en hulle moet relevante bewyse gee in hulle argument.

**HOOFASPEKTE**

Kandidate moet die volgende aspekte in hulle antwoorde insluit:

- **Inleiding:** Kandidate moet die vraag kontekstualiseer en aandui hoe Mobutu Sese Seko en Julius Nyerere van die nuwe onafhanklike Kongo en Tanzanië respektiewelik gehoop het om hulle ekonomieë te 'Afrikaniseer'. Kandidate moet hulle argument vasstel in hulle antwoord op die vraag.

**UITBREIDING**

**Afrikanisasie in die Kongo: Zaïrenasie**

**Doel**

- Om uitlanders met Kongolese burgers in sleutelposisies te vervang
- Om die Kongo se manier om rykdom in die hande van Afrikane te plaas deur grond te nasionaliseer, myne en nywerheid
- Om die ekonomie af te wissel en 'n nywerheid- en vervaardigingsektor te ontwikkel

**Implementering**

- Het ervare en opgeleide uitlanders met onervare plaaslike inwoners vervang
- Nasionalisasie van plase, nywerheid en mynwese

**Uitwerking**

- Tekort aan opgeleide Kongolese tegnici en bestuurders het dit moeilik gemaak vir nywerheid om sonder buitelandse ondersteuning te funksioneer
- Die regering is gevolglik gedwing om nywerheid en myne weer te privatiseer
- Omkering van Zaïrenasie
- Mislukking om die ekonomie af te wissel het gelei tot die Kongo se voortdurende afhanklikheid om handel te dryf met grondstowwe vir vervaardigde goedere sowel as buitelandse hulp en belegging
- Buitelandse magte (VSA en Frankryk) was onwillig om beheer te verloor oor ryk minerale neerslae in die Kongo en het aangehou met ekonomiese ondersteuning aan die Kongo
- Die Kongo het misluk om hulle ekonomie te 'Afrikaniseer' en het aangehou om swaar te steun op belegging van sy Westerse bondgenote soos die VSA en Frankryk (neokolonialisme)
- Enige ander relevante antwoord

**Afrikanisasie in Tanzanië: Ujamaa (Villagisation)**
**Doel**

- Afrika-Sosialisme
- Om uitlanders met Tanzaniërs in sleutelposisies te vervang en Afrika-leierskap onder burgers te ontwikkel deur middel van die Kode vir Leiers
- Om Tanzanië se produksiemiddele te neem en nywerheid en grond te nasionaliseer
- Het 'kollektiewe' plase gestig deur die beleid van Ujamaa om selfversorging te bevorder
- Nyerere wou neokolonialisme vermy en het dus aanvanklik geweier om hulp of bystand te verkry van die buiteland

**Implementering**

- Het dorpenaars en kleinboere van hulle oorspronklike grond verjaag om dorpe te kollektiviseer (ujamaa)
- Dorpenaars wat teenkanting gebied het teen die beleid is gewelddadig verwyder

**Uitwerking**

- Dorpenaars het teenstand gebied teen gedwonge verskuiwing wat met die beleid van Ujamaa geassosieer is
- Die ekonomie het ophou groei. Lae produksie het veroorsaak dat Tanzanië ernstige tekorte aan voedsel en vervaardigde goedere gely het
- Groeiende afhanklikheid van buitelandse hulp en lenings het baie duidelik geword na die oliekrisis van 1970s
- Tanzanië is gedwing om Wêreldbank lenings te verkry wat gelei het tot skuld en 'n afhanklikheidsindroom
- Tanzanië het een van die swak ontwikkelde lande in Afrika gebly
- Nyerere het erken dat armoede met die heersende wêreldmagsbalans van ekonomiese mag nie uitgewis kon word in Tanzanië nie
- Enige ander relevante antwoord

**Slot:** Kandidate moet hul argument met 'n relevante slot saamvat. **[50]**

**VRAAG 6: BURGERLIKE PROTES VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: SWARTMAGBEWEGING**

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasievaardighede]*

**SINOPSIS**
Daar word van kandidate verwag om te verwys na toestande van swart Amerikaners voor die 1960's en te verduidelik tot watter mate die idees en optrede van Malcolm X, Stokely Carmichael en die Black Panther-party swart Amerikaners 'n nuwe sin vir identiteit gegee het in die Verenigde State van Amerika gedurende die 1960's.

**HOOFASPEKTE**
Kandidate moet die volgende aspekte in hulle antwoorde insluit:
- **Inleiding:** Kandidate moet 'n argumentslyn inneem en aandui tot watter mate die idees en optrede van Malcolm X, Stokely Carmichael en die Black Panther-party swart Amerikaners 'n nuwe sin van identiteit gegee het in die Verenigde State van Amerika gedurende die 1960's en aandui hoe hulle hierdie vraag gaan beantwoord.

**UITBREIDING**
**Die situasie in die VSA voor die 1960's**
- Gebrek aan 'n politieke organisasie vir swart Amerikaners
- Gebrek aan 'n sterk kulturele identiteit onder swart Amerikaners
- Gebrek aan 'n sin vir trots weens sosio-ekonomiese omstandighede (Hulle woon in ghetto's en krotbuurte/swak behuising/fasiliteite wat ondervoorsien is)
- Enige ander relevante antwoord

**Idees en optrede van:**
**Malcolm X**
- 'n Invloedryke spreker en 'n toegewyde menseregte aktivis
- Het geglo in swart afskeiding, selfbeskikking (swart nasionalisme) en hy is 'n voorstaander van selfrespek en selfdissipline
- Voorstaander van die konsep van 'Swarttrots' (selfagting/selfrespek/selfhelp)
- Wou hê dat swart Amerikaners op enige moontlike maniere teen wit Amerikaanse owerhede moes opstaan in die strewe na vryheid, geregtigheid en gelykheid
- Bevorder die gebruik van geweld as 'n manier vir selfverdediging teen diegene wat swart Amerikaners aanval
- Enige ander relevante antwoord

**Stokely Carmichael**

- Het geglo dat niegewelddadigheid 'n strategie was wat nie werk nie as gevolg van aanhoudende geweld wat deur wit Amerikaners teen swart Amerikaners gebruik is
- Hy word 'n voorstaander van die beginsels van Swartmag (om dinge op jou eie te doen; politiek in hul eie gemeenskappe te beheer; trots te wees op eie kultuur en hulself te verdedig teen rasse onderdrukking en manipulasie)
- Hy is 'n voorstaander vir die uitsluiting van 'wit' liberales as 'n filosofie vir swart Amerikaners
- In 1966 het hy die Swartmag slagspreuk 'Black is Beautiful' gewild gemaak
- Hy was 'n voorstaander van Afrikadrag/Afrikahaarstyle/musiek/literatuur/erfenis as simbole van Swarttrots
- Het aangesluit by die Black Panther-party (vir selfverdediging) wat die Swartmag/ 'Swarttrots' filosofie in werking gestel het
- Enige ander relevante antwoord

**Black Panther-party:**
**Hulle het die idees van die Swartmagbeweging in werking gestel**

- Hulle was betrokke by die inwerkingstelling en ondersteuning van gemeenskapsprogramme en voedingskemas sowel as teen armoede-sentrums; vir die verdediging teen polisiebrutaliteit, het gefokus op sosio-ekonomiese omstandighede van swart Amerikaners en het ook gemeenskaps-oorlewingsprogramme bedryf
- Tien (10) punt-plan het gedien as die Black Panther-manifes wat hulle maatskaplike, politieke en ekonomiese doelwitte bevat het
- Die Black Panther-party het betrokke geraak in straatpatrollies, het polisie aktiwiteite gemonitor en het hulself verdedig deur gewere te dra (militante aanslag) en die aanhoudende polisiebrutaliteit en teistering van jong swart mans te stop
- Enige ander relevante antwoord

**Slot:** Kandidate moet hul argument met 'n relevante slot saamvat. **[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou